SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 28 June 2008, p. 16

Beleggers pessimisties oor aandeelpryse

Nellie Brand, Kaapstad

Beleggers verwag dat aandeelpryse oor die komende drie maande verder gaan daal.

Beleggers glo ook daar is 'n kans van een uit ses dat die mark in duie kan stort, is in die jongste maandelikse peiling oor beleggersvertroue deur Sanlam Beleggingsbestuur (SBB) gevind.

In die peiling onder beleggingsbestuurders en finansiële beplanners is ook gevind dat beleggers verwag aandeelpryse sal oor een tot drie maande met 1,2% daal.

Oor 'n sesmaande-tydperk word verwag dit gaan met 1% styg – "eintlik sywaarts beweeg", het mnr. Frederick White, SBB se hoof van navorsing en prosesse, gesê.

Beleggers se verwagtinge oor die vertoning van aandeelpryse oor 'n jaartydperk is ook heelwat meer negatief.

Beleggers verwag 'n 4,7%-styging.

Dit is die laagste toename wat sedert Desember verlede jaar verwag is.

White het gesê minder as een uit drie verwag nou positiewe opbrengste op kort termyn.

Hy het dié swaai in vertroue toegeskryf aan die klem op stygende inflasie en die Reserwebank se stappe om dit met rentekoerse te tem.

In die voorafgaande maande was die klem op 'n verlangsaming in ekonomiese groei en die moontlikheid dat rentekoerse verlaag sal word om groei aan te moedig.

Hy het gesê dié onseker situasie word weerspieël deur die wisselvalligheid van die finansiële markte.

Die boodskap oor hoër inflasie en rentekoerse het tot gevolg dat beleggers hul verwagting vir groei verlaag het.

Die vraelys wat uitgestuur word, dek vier onderwerpe. Die eerste is oor die verwagte opbrengs van die mark oor een, drie, ses en 12 maande.

Die tweede vraag is wat sal môre gebeur as die mark vandag noemenswaardig verswak (met 3% of meer).

Beleggers verwag niks gaan gebeur nie. Dit dui op min vertroue onder die beleggers dat daar enige koopkrag in die mark is.

Dit sluit aan by die vraag of beleggers dink aandele is goedkoop, duur of op die regte vlak.

Ten spyte daarvan dat die mark in Junie sowat 5% laer is as in Mei, het minder deelnemers gedink die mark bied waarde.

Laastens is gevra wat die waarskynlikheid is dat die mark wesenlik – met 30% of meer – kan val.

Die gemiddelde verwagting dat die mark kan ineenstort, was 17%.